# SUPRANEX 600 SC

Reg. no. 5351 Act/Wet 36 of/van 1947
N-AR 0494; W130711

A water dispersible granule herbicide for the control of annual broadleaf weeds as listed as well as goose grass in maize and grain sorghum.

'n Benatbare korrel onkruiddoder vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruide soos gelys asook jongosgras in mielies en graansorghum..

**FRAC HERBICIDE GROUP CODE 5 HRAC ONKRUIDDODERGROEPKODE**

**ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL**

| | | |
|---|---|---|
| Terbuthylazine (triazine)........................ | 300 g/L | ........................Terbuthylazine (triasien) |
| Atrazine (triazine)……………………….. | 300 g/L | ……………………….Atrasien (triasien) |

**NET VOLUME/NETTO VOLUME**

…………… L


**REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER**
ADAMA South Africa (Pty.) Ltd.
Reg. no. 1992/001741/07
Ground Floor, Simeka House
The Vineyards Office Estate,
99 Jip de Jager Drive
Bellville, 7530
T: +27 21 982 1460
infocpt@adama.com



**SUPRANEX is a trademark of company of the ADAMA GROUP.**
**SUPRANEX is 'n handelsmerk van 'n maatskappy van die ADAMA GROEP.**


**CONTACT IN EMERGENCY/KONTAK IN NOOD**
Griffon Poison Information Centre: +27 82 446 8946
Tygerberg Poison Information Centre: +27 861 555 777

| | | |
|---|---|---|
| Batch number | ............... | Lotnommer |
| Date of Manufacture | ............... | Datum van Vervaardiging |

UN no.: 3082



## WARNINGS

- Handle with care.
- Poisonous when swallowed.
- Store in a cool place, away from food, feedstuffs, seed, fertilizer and other agricultural remedies.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Aerial application:** Notify all inhabitants of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water of adjacent areas.
- **Re-entry:** Do enter treated field until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water; compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, and the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.**

## Precautions

- Do not inhale spray mist.
- Wash with soap and water after use.
- Take off contaminated clothing and wash on a daily basis.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying **SUPRANEX 600 SC** or before hands and face have been washed.
- Do not mix and load or apply **SUPRANEX 600 SC** within at least 15 m from water sources such as boreholes, streams, rivers and dams.
- Do not apply **SUPRANEX 600 SC** within 60 m of dams.
- When applying through irrigation systems, ensure that no back-syphoning to the water source takes place.
- Avoid drift or spray onto non-target crops, grazing and other areas not under treatment.
- Thoroughly wash and rinse spray equipment after use and dispose of the wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers, dams and boreholes.
- Invert the empty container over the mixing or spray tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed to a drip. When the product is mixed with water, rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinsing to the spray tank before destroying the empty container by perforation and flattening.
- Do not use the container for any other purpose.
- Prevent contamination of food, feedstuffs, drinking water and eating utensils.

**Resistance Warning**

For resistance management **SUPRANEX 600 SC** is a group 5 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **SUPRANEX 600 SC** and other group 5 herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **SUPRANEX 600 SC** or any other group 5 herbicide. To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group. Alternate or tank mix with products from different herbicide groups.
- Integrate control methods (chemical, cultural and biological) into weed control programs.
- For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.
- Should **SUPRANEX 600 SC** fail to control resistant weeds, ADAMA will not accept responsibility for such loss as the detection of resistant weeds before application is difficult. Avoid using **SUPRANEX 600 SC** in places were weed resistance has been ascertained.

**WEEDS CONTROLLED**

The following weed species are normally controlled by an application of **SUPRANEX 600 SC** at the dosage rates indicated below:

**BROADLEAF WEEDS**

| **Botanical Name** | **Common Name** |
|---|---|
| ***Acanthospermum australe*** | Eight-seeded prostrate starbur |
| ***Acanthospermum glabratum*** | Five-seeded prostrate starbur |
| ***Acanthospermum hispidum*** | Upright starbur |
| ***Amaranthus deflexus*** | Perennial pigweed |
| ***Amaranthus hybridus **** | Common pigweed |
| ***Amaranthus spinosus*** | Thorny pigweed |
| ***Amaranthus thunbergii*** | Red pigweed |
| ***Bidens bipinnata*** | Spanish blackjack |
| ***Bidens formosa*** | Cosmos |
| ***Bidens pilosa*** | Blackjack |
| ***Chenopodium album*** | White goosefoot |
| ***Chenopodium carinatum*** | Green goosefoot |
| ***Cleome monophylla**** | Spindlepod |
| ***Cleome rubella*** | Pretty lady |
| ***Commelina benghalensis*** | Bengal wandeing Jew |
| ***Crotalaria sphaerocarpa*** | Mealie Crotalaria |
| ***Datura ferox*** | Large thorn apple |
| ***Datura stramonium*** | Thorn apple |
| ***Galinsoga parviflora*** | Gallant soldier |
| ***Gisekia pharnaceoides*** | Gisekia |

| | |
|---|---|
| ***Hibiscus cannabinus*** | Kenaf |

**BROAD LEAF WEEDS continued**

| Botanical Name | Common Name |
|---|---|
| ***Hibiscus trionum*** | Bladderweed |
| ***Nicandra physaloides*** | Apple of Peru |
| ***Physalis angulata*** | Wild gooseberry |
| ***Portulaca oleracea*** | Purslane |
| ***Richardia brasiliensis*** | Tropical richardia |
| ***Schkuhria pinnata*** | Dwarf marigold |
| ***Tagetes minuta*** | Khakiweed |
| ***Vigna vexillata*** | Wild cow-pea |

*Resistant strains of this weed may possibly not be adequately controlled.

******Control can be variable.

When **SUPRANEX 600 SC** is tank mixed with 2,4-D® amine, the following broadleaf weeds will be controlled in addition to those mentioned above:

| Botanical Name | Common Name |
|---|---|
| ***Cucumis myriocarpus*** | Striped wild cucumber |
| ***Ipomoea coscinospermum*** | Morning glory |
| ***Tribulus terrestris*** | Common dubbeltjie |
| ***Xanthium strumarium*** | Cocklebur |

**Note**: For improved post-emergence broadleaf weed control, the recommended rate of **SUPRANEX 600 SC** can be tank mixed with 2,4-D amine (480 g/ℓ) and applied to weeds up to 10 cm high in maize and grain sorghum before flowering.

**GRASS WEEDS**

| Botanical Name | Common Name |
|---|---|
| ***Eleusine coracana*** | Goose grass |

If dry conditions prevail for a period of 7−14 days after a pre-emergence application, particularly on heavy soils, the following weed species may not be adequately controlled:

| | |
|---|---|
| ***Commelina benghalensis*** | Bengal wandering Jew |
| ***Bidens formosa*** | Cosmos |
| ***Datura spp*****.** | Thorn apple |
| ***Eleusine coracana*** | Goose grass |

**Note:** Other annual broadleaf weeds that were not present during the development trials of **SUPRANEX 600 SC** may also be controlled, however, the registration holder does not accept any responsibility for the control of weeds not listed on this label.

**Note:** For improved grass weed control and/or extended weed control, **SUPRANEX 600 SC** can be applied after the application of a post-plant pre-emergence treatment such as **ALANEX® 384 EC** (Reg. no. L4725) or **ALANEX® 480 CS** (Reg. no. L6468). **SUPRANEX 600 SC** and **ACETOGAN® PLUS 768 EC** (Reg. no. L8557) in a tank mixture can also be applied as a post-plant pre-emergence treatment in cases where a wider spectrum of weed control is desired. Alternatively a **SUPRANEX 600 SC** and **ACETOGAN® 900 EC** (Reg. no. L8269) tank mixture can be applied as an early post-emergence treatment of maize (preferably pre-emergence of the weeds).

The following additional weeds will be controlled by the **SUPRANEX 600 SC** and **ACETOGAN® PLUS 768 EC** or **ACETOGAN® 900 EC** tank mixtures:

**ANNUAL GRASSES**

| **Botanical Name** | **Common Name** |
|---|---|
| ***Chloris virgata*** | feathertop Chloris |
| ***Digitaria sanguinalis*** | crab finger grass |
| ***Eleusine coracana*** | goose grass |
| ***Panicum schinzii*** | sweet buffalo grass |
| ***Setaria verticillata*** | sticky bristle grass |
| ***Urochloa panicoides*** | herringbone grass |

Control of the following weeds with **ACETOGAN® PLUS 768 EC** or **ACETOGAN® 900 EC** tank mixtures can be variable:

| **Botanical Name** | **Common Name** |
|---|---|
| ***Cyperus esculentus*** | yellow nutsedge |
| ***Cleome monophylla*** | spindlepod |

**Note:** *Cyperus esculentus* control can only be achieved when planting is done into a fine, firm, even seedbed immediately following a deep moldboard ploughing. Planting must be done straight after the seedbed preparation. Continuous rain or irrigation of at least 15 mm on lighter soils and 25 mm on heavier soils should take place after application and before the nutsedge starts to germinate and develop.

### Use Restrictions

- The maximum rate of **SUPRANEX 600 SC** applied to crops must not exceed 4.16 ℓ/ha per year (or 2.5 kg active ingredient/ha per year).
- To avoid damage to follow-up or rotation crops, the following waiting periods should be observed (after application of **SUPRANEX 600 SC** and before planting of the following crops):

  **Maize and sugarcane**………………………………………………………..No waiting period

  **Dry beans, forage sorghum, groundnuts, potatoes, soybeans, flowers**

  **and small grain**…………………………………………………………………………18 months

  **All other crops** (a test planting is recommended prior to full scale planting…………….24 months

When the rate of the **SUPRANEX 600 SC** applied does not exceed 1.7 ℓ/ha, the waiting period for the above crops requiring a 12 or 18 month waiting period may be reduced to 9 months. There is, however, an exception to this rule in the case of the sandy soils (0−10 % clay) of the North West

Province and the north western Free State for which the waiting period remains the same. These waiting periods are valid only if the correct **SUPRANEX 600 SC** dosage rate is applied and a normal or above average rainfall occurs after the **SUPRANEX 600 SC** application

**REMARKS**

- If **SUPRANEX 600 SC** is applied to soils which expand on wetting and crack or crumble when dry, such as turf soils, **SUPRANEX 600 SC** may remain active for longer than the duration of the above waiting periods. **SUPRANEX 600 SC** should not be used on these soils if there is an intention to plant triazine-sensitive crops in the near future. Pre-emergence weed control on these soils may not be optimal.
- Do not apply **SUPRANEX 600 SC** to inbred parent plants of maize and grain sorghum hybrids or to experimental or newly released cultivars without first consulting the distributor and/or seed supplier regarding the tolerance of these crops to a **SUPRANEX 600 SC** treatment.
- When applying **SUPRANEX 600 SC** in a tank mix with Paraquat, avoid application to maize under physiological stress or maize with a low yield potential. Also avoid application under windy conditions or to fields with an uneven soil surface.

**DIRECTIONS FOR USE:**

**Use only as directed.**

**Compatibility**

**SUPRANEX 600 SC** is compatible with **ACETOGAN® PLUS 768 EC** (Reg. no. L8557), **ACETOGAN® 900 EC** (Reg. no. L8269), Paraquat, and 2,4-D amine. Since the formulation of other products may change without the knowledge of ADAMA South Africa (Pty) Ltd. and the quality of the water may differ from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application.

**Mixing Instructions**

- Shake the **SUPRANEX 600 SC** container well before use. Replace the cap on the container after use.
- Half-fill the spray tank with clean water. Add the required quantity of **SUPRANEX 600 SC** through a 50 mesh sieve while agitating continuously. Add water to the required volume.
- When tank mixing **SUPRANEX 600 SC** with other products, such as **ACETOGAN® PLUS 768 EC**, **ACETOGAN® 900 EC**, Paraquat and 2,4-D amine, the **SUPRANEX 600 SC** should be added to the tank as described above, while agitating continuously. Add water to the tank just below the required capacity and add the premixed **ACETOGAN® PLUS 768 EC**, **ACETOGAN® 900 EC**, Paraquat or 2,4-D while agitating continuously. Fill the tank with water. Refer to the labels of the products which will be tank mixed with **SUPRANEX 600 SC** and adhere to the label instructions.
- Ensure thorough continuous agitation of the tank mix during mixing and application.

**APPLICATION**

**Ground Application**

- Spray equipment must be accurately calibrated before application.
- Spray volumes should be 200−400 ℓ/ha.
- Dosage rates and spray volumes should be adjusted accordingly for bank treatments on the planting row.

- Spray solutions must be sprayed out and not allowed to stand in the spray tank overnight.

**Pre-emergence Applications**

Apply **SUPRANEX 600 SC** during or within 3 days of planting to a fine, firm soil, free of weeds and clods. Rain or irrigation within 10 days of application is necessary to allow the product to move into the soil where it can be absorbed by the roots of germinating weeds. When conditions are dry for 7−14 days, a light shallow cultivation can be done to destroy any weeds present and to incorporate the herbicide into the top 10−20 mm of soil.

**Post-emergence Applications**

When **SUPRANEX 600 SC** is sprayed alone, broadleaf weeds should be in the seedling stage (2-leaf stage) and pre-emergent of grasses. When sprayed in a tank mix with 2,4-D amine, broadleaf weeds should not be higher than 10 cm. When sprayed in a tank mix with Paraquat, the maize must be at least 30 cm high and the spray directed at the inter-row (consult the Paraquat label for details).

**Aerial Application**

Aerial application of **SUPRANEX 600 SC** may only be done by a registered Aerial Application Operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides). Ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is essential that the following criteria be met:

- Volume: A spray mixture volume of 30 ℓ/ha is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended.
- Droplet coverage: 30-40 droplets/cm² must be recovered at the target area.
- Droplet size: A droplet spectrum with a VMD of 350-450 microns is recommended. Limit the production of fine droplets less than 150 microns (high drift and evaporation potential) to a minimum.
- Flying height: Maintain the height of the spray boom at 3-4 metres above the target. Do not spray when the aircraft dives, is in a climb or when banking
- Use suitable atomising equipment that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product. The spraying system must produce a droplet spectrum with the lowest possible Relative Span.
- Position all the atomisers within the inner 60-75% of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.
- The difference in temperature between the wet and dry bulb thermometers of a whirling hygrometer should not exceed 8 °C.
- Stop spraying if the wind speed exceeds 15 km/h.
- Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.
- Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:
  a) Reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
  b) Damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.
- Ensure that the Aerial Spray Operator knows exactly which fields to spray.
- Obtain an assurance from the Aerial Spray Operator that the above requirements will be met and that relevant data will be compiled in a logbook and kept for future reference.

**Conservation or no tillage**

Apply GLYPHOGAN® 360 SL (Reg. no. L5393) or Paraquat for pre-plant weed control followed by planting and then the **SUPRANEX 600 SC** application. **SUPRANEX 600 SC** can be applied to reduced tillage lands which have a crop residue covering the soil. This residue may affect the herbicide distribution on the soil surface with result of the possibility of a few weeds escaping, but this is generally not a problem.

**APPLICATION RATES**

**Maize** (pre-emergence and early post-emergence)

| CLAY (%) | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) |
|---|---|
| 0−10 | 2.0 |
| 11−20 | 2.7 |
| 21−30 | 3.3 |
| 31−40 | 4.0 |
| 41−55* | 4.0 |

* See the **USE RESTRICTION** applicable if **SUPRANEX 600 SC** is applied to soils which expand on wetting and crack or crumble when dry, such as turf soils.

If grass weeds are a problem, it is recommended to apply ALANEX® 384 or ALANEX® 480 CS at planting followed by an early post-emergence treatment of **SUPRANEX® 600 SC.** Alternatively, apply a tank mixture of **SUPRANEX 600 SC** and ACETOGAN® PLUS 768 EC (pre-emergence) or **SUPRANEX 600 SC** and ACETOGAN® 900 EC (early post-emergence) as indicated in the tables below.

Apply **SUPRANEX 600 SC** as a post-emergence spray in a tank mix with a suitable surfactant on broadleaf weeds up to the 4-leaf stage only and before grasses and khaki weeds have emerged. If broadleaf weeds are larger than the 4-leaf stage and grasses have emerged, they should be destroyed with a shallow cultivation before applying **SUPRANEX 600 SC** or being sprayed with a 2,4-D amine tank mixtures as indicated below.

If broadleaf weeds up to 10 cm high are present, **SUPRANEX 600 SC** can be sprayed in a tank mix with 2,4-D amine (480 g/ℓ*)*. Under cold and wet or hot and humid conditions, 2,4-D amine may retard the development of maize prop roots. Under these conditions apply 1.1 kg **SUPRANEX 600 SC** + 0,5 ℓ 2,4-D amine/ha. Where Bengal wandering Jew and dubbeltjies are a problem, apply 0.9 kg **SUPRANEX 600 SC** + 0,75 ℓ 2,4-D amine/ha.

**Maize** (pre-emergence)

**SUPRANEX 600 SC and ACETOGAN® PLUS 768 EC in a tank mixture:** Applied in cases where a wider spectrum of weed control is desired.

| CLAY (%) | DOSAGE | |
|---|---|---|
| | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) | ACETOGAN® PLUS 768 EC (ℓ/HA) |
| 0–10 | 2.0 | 0.64−1.6 |
| 11–15 | 2.7 | 0.82−1.9 |
| 16–20 | 2.7 | 1.00−1.9 |
| 21–30 | 3.3 | 1.30−2.2 |
| 31–40 | 4.0 | 1.60−2.5 |
| 41−55* | 4.0 | 2.5 |

* See the **USE RESTRICTION** applicable if **SUPRANEX 600 SC** is applied to soils which expand on wetting and crack or crumble when dry, such as turf soils.

**Maize** (early post-emergence)

**SUPRANEX 600 SC and ACETOGAN® 900 EC in a tank mixture** – applied early post-emergence of maize and preferably pre-emergence of weeds.

| CLAY (%) | DOSAGE | |
|---|---|---|
| | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) | ACETOGAN® 900 EC (ℓ/HA) |
| 0–10 | 2.0 | 0.5−0.75 |
| 11–20 | 2.7 | 0.75−1.0 |
| 21–30 | 3.3 | 1.0 |
| 31–40 | 4.0 | 1.0 |
| 41−50* | 4.0 | 1.0 |

* See the **USE RESTRICTION** applicable if **SUPRANEX 600 SC** is applied to soils which expand on wetting and crack or crumble when dry, such as turf soils.

**Grain sorghum** (Post-emergence treatments only)

| CLAY (%) | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) |
|---|---|
| 0−20 | Not recommended |
| 21−30 | 3.3 |
| 31−40 | 4.0 |

Apply **SUPRANEX 600 SC** as a post-emergence spray in a tank mix with a suitable surfactant on broadleaf weeds up to the 4-leaf stage only and before grasses and khaki weeds have emerged. In this case, the grain sorghum must be older than the 5-leaf stage. If, however, broadleaf weeds are larger than the 4-leaf stage and grasses have emerged, they should be destroyed with a shallow cultivation before applying **SUPRANEX® 600 SC**. Under cold and/or very wet conditions, **SUPRANEX 600 SC** may cause injury to the crop. Do not apply where water logging of the soil is a problem. Do not irrigate immediately after application. Do not exceed the recommended dosage rates.

If broadleaf weeds up to 10 cm high are present, 1.1 kg **SUPRANEX® 600 SC**/ha can be applied in a tank mix with 0,5 ℓ 2,4-D amine/ha. This mixture should be applied about 4−5 weeks after planting when the grain sorghum is at the 4−5 leaf stage (15 cm high). Under hot and humid conditions, 2,4-D amine may cause temporary crop injury but this should not affect the yield.

**ACETOGAN® PLUS 768 EC (Reg. no. L8557) is the registered trade mark of the ADAMA GROUP.**

**ACETOGAN® 900 EC (Reg. no. L8269) is the registered trade mark of the ADAMA GROUP.**

**ALANEX® 384 EC (L4725) is the registered trade mark of the ADAMA GROUP.**

**ALANEX® 480 CS (L6468) is the registered trade mark of the ADAMA GROUP.**

**GLYPHOGAN® 360 SL (L5393) is the registered trade mark of ADAMA GROUP.**

**WAARSKUWINGS**

- Hanteer versigtig.
- Giftig indien ingesluk.
- Stoor in ′n koel plek weg van voedsel, voer, saad, misstowwe en ander landboumiddels.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- **Lugtoediening:** Stel al die inwoners in die onmiddellike omgewing van die gebied wat bespuit gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor aangrensende gebiede of water spuit of die spuitnewel toelaat om dit te besoedel nie.
- **Herbetreding:** Moet nie die behandelde gebied betree voordat die spuitneerslag droog is nie tensy beskermende oorklere gedra word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder ′n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruide teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens en dier of vir ′n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim deur die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in geval van enige onsekerheid.**

**Voorsorgmaatreëls**

- Moet nie die spuitnewel inasem nie.
- Was met seep en water na gebruik.
- Trek besoedelde klere uit en was dit daagliks.
- Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van **SUPRANEX 600 SC** of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Moet nie **SUPRANEX 600 SC** meng en laai of spuit nader as 15 m vanaf waterbronne soos boorgate, strome, riviere en damme nie.
- Moet nie **SUPRANEX 600 SC** toedien nader as 60 m van damme nie.
- Verseker dat geen terugsyfering plaasvind na boorgate of damme nie wanneer die produk toegedien word deur ′n besproeiingssisteem.
- Vermy wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weiveld en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moet nie gewasse, weiveld, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Keer die leë houer oor die meng- of spuittenk en laat dreineer vir ten minste 30 sekondes nadat die vloei tot ′n gedrup verminder het. Wanneer die produk met water gemeng word moet die leë houer driekeer uitgespoel word met ′n volume water gelykstaande aan ′n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word deur gate in te slaan en plat te slaan.
- Moet nie die leë houer vir enige doel gebruik nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**Weerstandswaarskuwing**

**SUPRANEX 600 SC** is ′n groepkode 5 onkruiddoder. Enige populasie van ′n spesifieke onkruid kan individue insluit wat ′n natuurlike weerstand teen **SUPRANEX 600 SC** of enige ander groepkode 5 onkruiddoder het. Indien hierdie onkruiddoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal waarskynklik nie deur **SUPRANEX 600 SC** of enige ander groepkode 5 onkruiddoder beheer word nie. Om weerstand teen onkruiddoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruiddoders met dieselfde groepkode. Wissel af met of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruiddodergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing en biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Indien **SUPRANEX 600 SC w**eerstandbiedende onkruide nie beheer nie, sal ADAMA South Africa (Pty) Ltd. nie verantwoordelikheid vir sulke verliese aanvaar nie, aangesien die opspoor van weerstandbiedende onkruide voor toediening baie moeilik is. Vermy die gebruik van **SUPRANEX 600 SC** in gebiede waar onkruidweerstandbiedendheid reeds bevestig is.

**ONKRUIDE NORMAALWEG DEUR SUPRANEX 600 SC BEHEER**

Die volgende onkruidsoorte word normaalweg deur beheer teen die toedieningshoeveelhede soos hieronder aanbeveel:

**BREËBLAARONKRUIDE**

| **Botaniese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Acanthospermum australe*** | Agtsadige kruipsterklits |
| ***Acanthospermum glabratum*** | Vyfsadige Kruipsterklits |
| ***Acanthospermum hispidum*** | Regopsterklits |
| ***Amaranthus deflexus*** | Meerjarige misbredie |
| ***Amaranthus hybridus **** | Gewone misbredie |
| ***Amaranthus spinosus*** | Doringmisbredie |
| ***Amaranthus thunbergii*** | Rooimisbredie |
| ***Bidens bipinnata*** | Spaanse knapsekêrel |
| ***Bidens formosa*** | Kosmos |
| ***Bidens pilosa*** | Knapsekêrel |
| ***Chenopodium album*** | Withondebossie |
| ***Chenopodium carinatum*** | Groenhondebossie |
| ***Cleome monophylla ***** | Rusperbossie |
| ***Cleome rubella*** | Mooinooientjie |
| ***Commelina benghalensis*** | Bengaalse wandelende Jood |
| ***Crotalaria sphaerocarpa*** | Mielie Crotalaria |
| ***Datura ferox*** | Grootstinkblaar |
| ***Datura stramonium*** | Stinkblaar |
| ***Galingsoga parviflora*** | Knopkruid |
| ***Gisekia pharnaceoides*** | Gisekia |

**BREËBLAARONKRUIDE vervolg**

| **Botaniese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Hibiscus cannabinus*** | Wildestokroos |
| ***Hibiscus trionum*** | Terblansbossie |
| ***Nicandra physaloides*** | Basterappelliefie |
| ***Physalis angulata*** | Wilde appelliefie |
| ***Portulaca oleracea*** | Porslein |
| ***Richardia brasiliensis*** | Tropiese Richardia |
| ***Schkuhria pinnata*** | Kleinkakiebos |
| ***Tagetes minuta*** | Kakiebos |
| ***Vigna vexillata*** | Wilde-akkerboontjie |

* Weerstandbiedende biotipes sal moontlik nie voldoende beheer word nie.

** Beheer kan wisselvallig wees.

Wanneer **SUPRANEX 600 SC** as ′n tenkmengsel met 2,4-D amien gebruik word sal bostaande breëblaaronkruide asook die volgende onkruide beheer word:

| **Botaniese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Cucumis myriocarpus*** | Streepwildekomkommer |
| ***Ipomoea coscinospermum*** | Purperwind |
| ***Tribulus terrestris*** | Gewone dubbeltjie |
| ***Xanthium strumarium*** | Kankerroos |

**Nota:** Vir verbeterde breëblaaronkruidbeheer kan die aanbevole dosis **SUPRANEX 600 SC** as ′n tenkmengsel met 2,4-D amien (480 g/ℓ) toegedien word. Hierdie mengsel kan toegedien word in mielies en graansorghum tot en met 10 cm hoogte van die onkruid, maar voor die blomstadium.

**GRASSE**

| **Botaniese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Eleusine coracana*** | Jongosgras |

Indien droë weerstoestande voortduur vir ′n tydperk van 7−14 dae na ′n vooropkomtoediening, mag die volgende onkruidsoorte, veral op swaarder grond, nie na wense beheer word nie:

| **Botaniese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Commelina benghalensis*** | Bengaalse wandelende Jood |
| ***Bidens formosa*** | Kosmos |
| ***Datura spp.*** | Stinkblaar |
| ***Eleusine coracana*** | Jongosgras |

**Nota:** Ander eenjaringe breëblaaronkruide wat nie tydens die ontwikkelingsproewe van **SUPRANEX 600 SC** voorgekom het nie, kan ook moontlik beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

**Nota**: Vir verbeterde grasbeheer en/of verlengde onkruidbeheer kan **SUPRANEX 600 SC** toegedien word nadat ′n na-plant vooropkomonkruiddoder soos **ALANEX® 384 EC** (Reg. nr. L4725) of **ALANEX® 480 CS** (Reg. nr. L6468) toegedien is. ′n Tenkmengsel van **SUPRANEX 600 SC** en **ACETOGAN® PLUS 768 EC** (Reg. nr. L8557) kan ook as ′n na-plant vooropkombespuiting toegedien word in gevalle waar ′n wyer spektrum van onkruidbeheer verlang word. Alternatiewelik kan ′n tenkmengsel van **SUPRANEX 600 SC** en **ACETOGAN® 900 EC** (Reg. nr. L8269) vroeg na-opkom van die mielies toegedien word (verkieslik vooropkom van die onkruid).

Die volgende bykomstige onkruide sal beheer word deur **SUPRANEX 600 SC** en **ACETOGAN® PLUS 768 EC** of **ACETOGAN® 900 EC** tenkmengsels:

**EENJARIGE GRASSE**

| **Botasiese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Chloris virgata*** | Witpluimchloris |
| ***Digitaria sanguinalis*** | Kruisvingergras |
| ***Eleusine coracana*** | Jongosgras |
| ***Panicum schinzii*** | Soetbuffelsgras |
| ***Setaria verticillata*** | Klitsborselgras |
| ***Urochloa panicoides*** | Beesgras |

Beheer van die volgende onkruide met **ACETOGAN® PLUS 768 EC** of **ACETOGAN® 900 EC** tenkmengsels kan wisselvallig wees:

| **Botasiese Naam** | **Gewone Naam** |
|---|---|
| ***Cyperus esculentus*** | Geeluintjie |
| ***Cleome monophylla*** | Rusperbossie |

**Nota:** Om *Cyperus esculentus* te beheer moet die plantproses voorafgegaan word deur ′n diep ploegbewerking. Die plantproses moet onmiddellik na die saadbed voorbereiding geskied. Die saadbed moet fyn, ferm, eweredig en sonder oormatige plantreste wees. Aanhoudende reën of besproeiing van tussen 15 mm vir ligter en 25 mm vir swaarder gronde word benodig na toediening en voor die uintjies ontkiem en begin ontwikkel het.

**GEBRUIKSBEPERKINGS**

- Die maksimum dosis van **SUPRANEX 600 SC** wat op enige gewas toegedien word, moet nie 4.16 kg per jaar oorskry nie (of 2.5 kg aktiewe bestanddeel/ha per jaar).
- Om skade aan opvolggewasse te voorkom nadat **SUPRANEX 600 SC** toegedien is, moet die volgende wagperiodes toegepas word.

  **Mielies en suikerriet**……………………………………………………………………………Geen

  **Graansorghum**…………………………………………………………………………12 maande

  **Droëbone, voersorghum, grondbone, aartappels, sojabone**

  **blomme en kleingraan**……………………………………………………………..18 maande

  **Alle ander gewasse** (′n toetsplanting word aanbeveel voor volskaalse planting)……..24 maande

Waar die toegediende dosis van **SUPRANEX 600 SC** nie 1.7 ℓ/ha oorskry nie kan die wagperiodes van die 12 en 18 maande soos hierbo genoem, verkort word na 9 maande behalwe op die sanderige

gronde van die Noordwes Provinsie en noord westelike Vrystaat op gronde wat 0−10 % klei bevat waar die wagperiode onveranderd bly. Hierdie wagperiodes is alleenlik geldig indien die korrekte dosis van **SUPRANEX 600 SC** toegedien is en normale of bogemiddelde reënval plaasgevind het nadat **SUPRANEX 600 SC** toegedien is.

- Indien **SUPRANEX 600 SC** toegedien word op gronde wat uitsit by natwording en kraak of krummel by uitdroging soos turfgronde, mag dit veel langer in die grond aktief bly as wat bostaande wagperiodes aandui. **SUPRANEX 600 SC** moet nie op hierdie gronde gebruik word indien die gewas opgevolg word met ′n triasien sensitiewe gewas nie. Vooropkom onkruidbeheer op hierdie gronde mag ook nie optimaal wees nie.
- Moet nie **SUPRANEX 600 SC** toedien aan ingeteelde ouerplante van mielie- en graansorghumbasters, of proef- of nuutvrygestelde mielie- of graansorghumkultivars sonder om eers die verspreider of saadverskaffer te raadpleeg nie.
- Wanneer **SUPRANEX 600 SC** as ′n tenkmengsel saam met parakwat toegedien word, moet die volgende omstandighede vermy word; mielies onderworpe aan fisiologiese stremming, mielies met ′n lae opbrengspotensiaal, winderige toestande en lande met ongelyke oppervlakke.

**GEBRUIKSAANWYSINGS:**

**Gebruik slegs soos aangedui.**

**Verenigbaarheid**

**SUPRANEX 600 SC** is verenigbaar met ACETOGAN® PLUS 768 EC (Reg. nr. L8557), ACETOGAN® 900 EC (Reg. nr. L8269), parakwat en 2,4-D amien. Aangesien die formulasies van ander produkte van tyd tot tyd sonder die medewete van ADAMA South Africa (Pty) Ltd. mag verander en die kwaliteit van water mag wissel van plaas tot plaas, moet ′n fisiese mengbaarheidstoets altyd uitgevoer word voor toediening.

**Meng Instruksies**

- Skud die **SUPRANEX 600 SC** houer goed voor gebruik. Plaas die skroefdop terug na gebruik.
- Maak die spuittenk halfvol met water en voeg die verlangde hoeveelheid **SUPRANEX 600 SC** deur ′n 50 maas sif by terwyl geroer word. Vul die tenk tot kapasiteit.
- Wanneer **SUPRANEX 600 SC** in ′n tenkmengsel saam met ander produkte soos ACETOGAN® PLUS 768 EC (Reg. nr. L8557), ACETOGAN® 900 EC (Reg. nr. L8269),parakwat en 2,4-D amien gebruik word, moet die **SUPRANEX 600 SC** soos hierbo aangedui in die spuittenk gevoeg word terwyl geroer word. Vul die tenk amper tot kapasiteit en voeg dan die voorafgemengde ACETOGAN® PLUS 768 EC, ACETOGAN® 900 EC, parakwat of 2,4-D by terwyl geroer word. Vul dan die tenk met water. Verwys na die etikette van die produkte wat saam met **SUPRANEX 600 SC** in tenkmengsels gebruik gaan word en volg die etiketaanwysings.
- Roer die mengsel voortdurend tydens meng en toediening.

**TOEDIENING**

**Grondtoediening**

- Spuittoerusting moet akkuraat gekalibreer wees voordat daar met toediening begin word.
- Die spuitvolumes moet tussen 200−400 ℓ/ha wees.
- Wanneer bandbehandeling op die plantry toegepas word moet die dosis en water volume dienooreenkomstig aangepas word.

- Spuitoplossing moet uitgespuit word en nie oornag in die spuittenk gelaat word nie.

**Vooropkom Toediening**

Dien **SUPRANEX 600 SC** toe tydens plant of binne 3 dae na plant op ′n fyn, ferm, gelyk oppervlak, vry van onkruide en kluite. Reën of besproeiing binne 10 dae na toediening word benodig om die produk in die grond in te loog waar dit opgeneem kan word deur die wortels van die ontkiemende onkruide. Indien toestande vir 7−14 dae na toediening droog bly kan ′n ligte bewerking uitgevoer word om ontkiemde onkruide te vernietig, asook om die onkruiddoder met die boonste 10−20 mm van die grond te vermeng.

**Na-opkom Toediening**

Wanneer **SUPRANEX 600 SC** alleen toegedien word moet die breëblaaronkruide in die saailingstadium wees (2 blare) en voordat grasse opgekom het. As **SUPRANEX 600 SC** as ′n tenkmengsel met 2,4-D amien toegedien word moet die breëblaaronkruide nie groter as 10 cm wees nie. Wanneer ′n tenkmengsel met parakwat gebruik word, moet die mielies minstens 30 cm hoog wees en moet dit toegedien word as ′n gerigte tussenry bespuiting. (kyk parakwat etiket vir besonderhede).

**Lugtoediening**

**SUPRANEX 600 SC** kan slegs deur ’n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met ’n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot ’n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- <u>Volume</u>: ’n Minimum spuitmengsel volume van 30 ℓ/ha word aanvebeel. Hierdie produk is nie teen ’n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen ’n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- <u>Druppel bedekking</u>: 30-40 druppels/cm$^2$ moet op die teikenarea herwin word.
- <u>Druppelgrootte</u>: ’n Druppelspektrum met ’n VMD van 350−450 mikron word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoëdrywing en verdampingspotensiaal) tot ’n minimum.
- <u>Vlieghoogte</u>: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3-4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtruig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte <u>atomiseringsapparaat</u> wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet ’n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60-75 % van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die <u>vlerkpuntvorteks</u> beweeg.
- Die verskil in <u>temperatuur</u> tussen die nat- en droëboltermometer van ’n swaaihigrometer, moet nie 8 ºC oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/uur oorskry.
- Stop bespuiting tydens <u>turbulente</u>, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestands (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80 % en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
  a) Verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as ’n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken)
  b) Skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.

- Dit is noodsaaklik om ’n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in ’n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

**Bewaringsbewerking of geen bewerking**

Dien GLYPHOGAN® 360 SL (Reg. nr. L5393) of parakwat toe vir voor plant onkruidbeheer, gevolg deur plant en ′n **SUPRANEX 600 SC** toediening. **SUPRANEX 600 SC** kan toegedien word op verminderde bewerking landerye waar plantreste op die grond voorkom. Die plantreste mag die verspreiding van die onkruiddoder op die grondoppervlak affekteer en gevolglik kan enkele onkruide ontkiem, maar dit is gewoonlik nie ′n probleem nie. .

**TOEDIENINGSHOEVEELHEDE**

**Mielies** (voor- en vroeg na-opkom)

| KLEI (%) | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) |
|---|---|
| 0−10 | 2.0 |
| 11−20 | 2.7 |
| 21−30 | 3.3 |
| 31−40 | 4.0 |
| 41−55* | 4.0 |

*Verwys na **GEBRUIKSBEPERKINGS** wat van toepassing is indien **SUPRANEX 600 SC** aan gronde toegedien word wat by natwording uitsit en kraak of krummel by uitdroging, soos turfgronde.

Indien grasse ′n probleem is, word dit aanbeveel om ALANEX® 384 EC of ALANEX® 480 CS met plant toe te dien, opgevolg deur ′n vroeë na-opkom bespuiting met **SUPRANEX® 600 SC**. Alternatiewelik dien ′n tenkmengsel van **SUPRANEX 600 SC** en ACETOGAN® PLUS 768 EC (vooropkom) of **SUPRANEX 600 SC** en ACETOGAN® 900 EC (vroeg na-opkom) toe, soos in die tabelle hieronder aangedui.

**SUPRANEX 600 SC** kan alleenlik na-opkom toegedien word, mits die breëblaaronkruide nog nie verder as die 4-blaarstadium ontwikkel het nie en grasse en kakiebos nog nie opgekom het nie. ′n Geskikte benatter moet gebruik word. Waar breëblaaronkruide reeds groter as die 4-blaarstadium is en grasse reeds ontkiem het, moet die onkruid vernietig word deur ′n vlak bewerking voordat **SUPRANEX 600 SC** toegedien word. Alternatiewelik kan die onkruide gespuit word met ′n mengsel van 2,4-D amien soos hieronder aangedui.

Indien breëblaaronkruide tot en met 10 cm hoogte teenwoordig is, kan **SUPRANEX 600 SC** in ′n tenkmengsel met 2,4-D amien (480 g/ℓ) toegedien word. Onder koue en nat, of warm en vogtige toestande kan 2,4-D amien soms stutwortelontwikkeling by mielies benadeel. Onder hierdie toestande moet 1.1 kg **SUPRANEX 600 SC** + 0,5 ℓ 2,4-D amien/ha toegedien word. Waar Bengaalse wandelende Jood en dubbeltjies ′n probleem is kan 0.9 kg **SUPRANEX 600 SC** + 0,75 ℓ 2,4-D amien/ha toegedien word.

**Mielies** (vooropkom)

**SUPRANEX 600 SC en ACETOGAN® PLUS in ′n tenkmengsel:** Toegedien in gevalle waar ′n breër spektrum van onkruidbeheer verlang word.

| KLEI (%) | DOSIS | |
|---|---|---|
| | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) | ACETOGAN® PLUS 768 EC (ℓ/HA) |
| 0–10 | 2.0 | 0.64−1.6 |
| 11–15 | 2.7 | 0.82−1.9 |
| 16–20 | 2.7 | 1.00−1.9 |
| 21–30 | 3.3 | 1.30−2.2 |
| 31–40 | 4.0 | 1.60−2.5 |
| 41–55* | 4.0 | 2.5 |

*Verwys na **GEBRUIKSBEPERKINGS** wat van toepassing is indien **SUPRANEX 600 SC** aan gronde toegedien word wat by natwording uitsit en kraak of krummel by uitdroging, soos turfgronde.

**Mielies** (vroeg na-opkom)

**SUPRANEX 600 SC en ACETOGAN® 900 EC in ′n tenkmengsel:** Toegedien vroeg na-opkom van mielies en verkieslik vooropkom van onkruide.

| KLEI (%) | DOSIS | |
|---|---|---|
| | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) | ACETOGAN® 900 EC (ℓ/HA) |
| 0–10 | 2.0 | 0.5−0.75 |
| 11–20 | 2.7 | 0.75−1.0 |
| 21–30 | 3.3 | 1.0 |
| 31–40 | 4.0 | 1.0 |
| 41-50* | 4.0 | 1.0 |

*Verwys na **GEBRUIKSBEPERKINGS** wat van toepassing is indien **SUPRANEX 600 SC** aan gronde toegedien word wat by natwording uitsit en kraak of krummel by uitdroging, soos turfgronde.

**Graansorghum** (alleenlik na-opkom)

| KLEI (%) | SUPRANEX 600 SC (ℓ/HA) |
|---|---|
| 0−20 | Nie aanbeveel nie |
| 21−30 | 3.3 |
| 31−40 | 4,0 |

**SUPRANEX 600 SC** kan alleenlik na-opkom toegedien word mits die breëblaaronkruide nog nie verder as die 4-blaarstadium ontwikkel het nie en grasse en kakiebos nog nie opgekom het nie. ′n Geskikte benatter moet gebruik word. Die graansorghum moet ouer as die 5-blaarstadium wees.

Indien die breëblaaronkruide reeds groter as die 4-blaarstadium is en grasse reeds ontkiem het moet die onkruid met ′n vlak bewerking vernietig word voordat **SUPRANEX 600 SC** toegedien word.

Onder koue en/of nat toestande kan **SUPRANEX 600 SC** skade aan die gewasse veroorsaak. Moet nie toedien waar versuiptoestande voorkom nie. Moet nie onmiddellik na toediening besproei nie. Moet nie die aanbevole dosis oorskry nie.

Indien breëblaaronkruide tot en met 10 cm hoog teenwoordig is, kan 1,1 kg **SUPRANEX 600 SC** + 0,5 ℓ 2,4-D amien/ha in ‘n tenkmengsel gespuit word. Hierdie mengsel moet toegedien word 4 tot 5 weke na plant wanneer die graansorghum die 4 tot 5 blaarstadium bereik het (15 cm hoog). Onder nat en vogtige toestande, kan 2,4-D amien tydelike skade aan die gewas veroorsaak maar met geen effek op die opbrengs nie.

**ACETOGAN® PLUS 768 EC (Reg. nr. L8557) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.**

**ACETOGAN® 900 EC (Reg. nr. L8269) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.**

**ALANEX® 384 EC (L4725) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.**

**ALANEX® 480 CS (L6468) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.**

**GLYPHOGAN® 360 SL (L5393) is die geregistreerde handelsmerk van die ADAMA GROEP.**